| | |
|---|---|
| Plak asseblief die strepieskode-etiket hier | **PUNTE-TOTAAL** |

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2023

# AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL: VRAESTEL II

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 3 uur

100 punte

---

**SLEGS VIR EKSAMENGEBRUIK: NASIENER MOET PUNTE INVUL**

| | V1 | V2 | V3 | V4 | V5 | V6 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Punt** | | | | | | | |
| **Nasiener: voorletters** | | | | | | | |
| **Gemodereerde punt** | | | | | | | |
| **Moderator: voorletters** | | | | | | | |
| **Vraagtotaal** | **35** | **35** | **35** | **35** | **35** | **30** | |
| **Hermerk** | | | | | | | |
| **Voorletters** | | | | | | | |
| **Kode** | | | | | | | |

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. In hierdie vraestel is daar DRIE afdelings:

   - Afdeling A: Drama
   - Afdeling B: Prosa
   - Afdeling C: Filmstudie

3. In Afdeling A is daar een dramavraag (Vraag 1) wat jy moet beantwoord.

4. In Afdeling B is daar vier prosavrae (Vraag 2, 3, 4 en 5) waarvan jy slegs EEN moet beantwoord.

5. In Afdeling C is daar een filmstudievraag (Vraag 6) wat jy moet beantwoord.

6. Alle vrae moet op die lyntjies wat in die vraestel voorsien is, beantwoord word. Let wel: Moenie enige vraag in 'n Antwoordboek beantwoord nie.

7. Lees die instruksies by elke vraag noukeurig deur sodat jy presies weet wat van jou verwag word.

8. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

9. Let op die puntetoekenning van die verskillende vrae en beplan jou tyd daarvolgens.

10. Skryf netjies en duidelik leesbaar.

11. Skenk aandag aan taalversorging.

12. TWEE blanko bladsye (bladsy 19 en 20) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsye. Dui die nommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

---

IEB Copyright © 2023

## AFDELING A DRAMA

**Belangrike instruksies vir die dramavraag:**

- Hierdie vraag is verpligtend.
- Jou respons moet in die vorm van 'n formele literêre opstel wees.
- Die vraag is beredenerend wat beteken dat jy óf meer as een kant óf net een kant van die saak kan dryf.
- Hoewel dit nie bepunt sal word nie, is deeglike beplanning uiters belangrik.
- In jou inleiding moet jy jou invalshoek/standpunt duidelik aandui. Jy kan ook jou hoofpunte ter bespreking kortliks aandui.
- Ondersteun stellings wat in jou opstel gemaak word deurgaans met verwysings na en/of aanhalings uit die teks.
- Jou gevolgtrekking moet terugverwys na jou standpunt/invalshoek en 'n duidelike slotsom gee.
- 'n Gepaste **titel** dui gewoonlik reeds die fokus van jou opstel aan.
- Bring die woordtelling (ongeveer **650 woorde**) onder jou opstel aan.
- 'n Nasienmatriks sal vir die assessering van jou opstel gebruik word.

### VRAAG 1 *DIE DAG IS BROS* (Wessel Pretorius)

**Verpligte vraag**

| |
|---|
| Elsa loop met een kruk wat sy kan neersit en waarsonder sy kan klaarkom vir kort rukkies. Dit is dus nie nodig dat die kruk heeltyd gebruik word nie, maar is nietemin noodsaaklik. |

[Skrywersnota, bladsy 8 uit: *Die dag is bros*]

Beredeneer in 'n literêre opstel hoe die kruk 'n **simbool** word van die **ondersteuning** wat die hoofkarakter in *Die dag is bros* benodig om haar verlies te help verwerk. Skenk in jou opstel veral aandag aan hoe die hoofkarakter, Elsa, op die ander drie karakters (Tertius, Brian en Irma) **steun** en of elkeen van hierdie "krukke" werklik bydra tot Elsa se genesing/beterskap/heelwording.

Betrek die danstoneel – sonder krukke – in die ontknoping van die drama in jou gevolgtrekking om sodoende tot 'n duidelike slotsom te kom.

**[35]**

IEB Copyright © 2023

**35 punte**

IEB Copyright © 2023

## AFDELING B PROSA

**Belangrike instruksies vir die prosavraag:**

- Twee vrae word oor elk van die twee voorgeskrewe romans gestel waarvan jy **slegs een** vraag oor die roman wat by jou skool voorgeskryf is, moet beantwoord:
  Óf Vraag 2 óf Vraag 3 (oor *Die verevrou* – Jan van Tonder)
  Óf Vraag 4 óf Vraag 5 (oor *Die dag van die Lord* – Johan Kruger)
- Gebruik die lyntjies ná Vraag 5 om jou respons oor die vraag van jou keuse te skryf.
- Jou respons moet in die vorm van 'n formele literêre opstel wees.
- Die vraag is beredenerend wat beteken dat jy óf meer as een kant óf net een kant van die saak kan dryf.
- Hoewel dit nie bepunt sal word nie, is deeglike beplanning uiters belangrik.
- Jou inleiding moet reeds duidelik aantoon wat die invalshoek(e) van jou opstel is.
- In Vraag 4 en 5 mag jy enige van die gegewe hoofpunte vervang met jou eie argument/argumente om die opdrag op jou eie manier gestruktureerd aan te pak.
- Ondersteun jou stellings deurgaans met verwysings na en/of aanhalings uit die roman.
- In jou gevolgtrekking moet jy terugverwys na jou standpunt.
- Maak seker dat jy deurgaans die verwagte inhoud, soos aangedui by elke vraag, aanspreek.
- 'n Gepaste titel dui gewoonlik reeds die fokus van jou opstel aan.
- Bring die woordtelling (ongeveer **650 woorde**) onder jou literêre opstel aan.
- 'n Nasienmatriks sal vir die assessering van jou literêre opstel gebruik word.

## VRAAG 2 ***DIE VEREVROU*** (Jan van Tonder)

> *Die verevrou* is nie ligte leesstof nie, en dis goed so. Nie alle romans hoef lig en donsig te wees nie. Ons het nodig om, soms onder protes, uit ons gemaksones gesleep te word.

[Van der Westhuizen, S. 2019. *Die verevrou deur Jan van Tonder: 'n lesersindruk.* Bron: <www.litnet.co.za>]

Beredeneer of *Die verevrou* 'n geskikte keuse as voorgeskrewe roman vir **matrikulante** is.

Jy kan die onderstaande hoofpunte in argumente ontwikkel of van jou eie argumente gebruik maak:

- Die aard van die verhoudings en die tema(s) in die roman.
- 'n Fokus op die vroulike anatomie en seks.
- Die geweld in die storie en die gedetailleerde beskrywings hiervan.
- Die mate waarin die jong leser kan identifiseer met die milieu (ruimtes en tyd) asook gebeure en/of spanningslyn in die verhaal.

Dit is belangrik om voldoende en gepaste teksverwysings op 'n geïntegreerde wyse in jou opstel te betrek.

Evalueer die impak van die uiteindelike selfdood in die ontkoping van die verhaal op die jong leser in jou gevolgtrekking.

**[35]**

IEB Copyright © 2023

**OF**

**VRAAG 3** ***DIE VEREVROU*** (Jan van Tonder)

Die skrywer Annelie Botes is van mening dat elke mens op sy eie uitdagende reis is – 'n reis waarin jy moet leer vrede maak met jouself.

Só skryf sy op die flapteks van haar roman **Sabbatsreis** (1997):

> **"My sabbatsreis was** 'n **hel**nag in die hemel. Maar my dwingende behoefte **om in my eie spieël te kyk**, was nog nooit groter nie. Wat ek gesien het, het my laat terugdeins. En tog, gaandeweg, soos die mislaag op die spieël weggewasem het, het ek **agter my in die spieël 'n skare gesigte** gesien. **Soekers, soos ek ... Verlorenes. Blindes en heldersiendes. Vervloektes en geseëndes. Almal nes ek.** Sodat ek nie anders kon nie, as om midde-in die spieëlskare in te stap. Want dalk lê die essensie van die lewe iewers in dié menigte. **As ek nie daar gaan soek het nie, sou ek nooit weet nie.**
>
> Dit was 'n **ongelykpad** wat my meermale **té diep in myself laat verdwaal het** ... Dat ek **die pad** geloop het, enduit, **het my verander**. Uiteindelik kon my eie stem in harmonie kom met die neuriekoor, het ek besef dat elke aardling op sy eie sabbatsreis is. **En kon ek uiteindelik tuiskom** in die Kanaänland van melk en heuning – **in myself**."

Beredeneer in 'n literêre opstel in watter mate **enigeen** van die hoofkarakters in *Die Verevrou* se lewenspad ongelyk was, hoe dit haar verander het en of sy ná alles uiteindelik kon "tuiskom" – met ander woorde vrede in haarself kon vind.

Sinvolle, samehangende ordening van jou paragrawe asook geïntegreerde teksverwysings is van uiterste belang.

Betrek die slotgebeure van die roman in jou gevolgtrekking.

**[35]**

IEB Copyright © 2023

**OF**

## VRAAG 4 ***DIE DAG VAN DIE LORD*** (Johan Kruger)

Die ontknoping is 'n effense antiklimaks omdat die leser in sy agterkop weet dat die lord wél sy dag gekry het. Die storie van Andries Fourie is egter aangrypend. Dit is verstommend om te dink dat 'n Afrikaanse skrywer tot 2015 moes wag om Kitchener in 'n wraakroman by the kom. *Die dag van die Lord* kan gerus in skole voorgeskryf word, veral omdat baie Afrikaanse skole nie meer geskiedenis as vak het nie.

[Smith, C. 2015. ***Die dag van die Lord****: hoog tyd vir 'n wraakroman oor Kitchener.* Bron: <www.netwerk24.com>]

Beredeneer in 'n literêre opstel of *Die dag van die Lord* 'n geskikte voorgeskrewe roman vir **matrikulante** is.

Jy kan die onderstaande hoofpunte in argumente ontwikkel of van jou eie argumente gebruik maak:

- Die geslaagdheid van die spanningslyn/plot.
- Die spesifieke geskiedkundige inhoud van die roman.
- Die aard van die verhoudings en die tema(s) in die roman.
- Die mate waarin die jong leser kan identifiseer met die milieu (ruimtes en tyd) asook gebeure en/of hoofkarakter in die verhaal.

Dit is belangrik om voldoende en gepaste teksverwysings op 'n geïntegreerde wyse in jou opstel te betrek.

Evalueer die impak van die ontknoping/slot van die verhaal op die jong leser in jou gevolgtrekking.

**[35]**

IEB Copyright © 2023

**OF**

## VRAAG 5 ***DIE DAG VAN DIE LORD*** (Johan Kruger)

Die skrywer, Annelie Botes, is van mening dat elke mens op sy eie uitdagende reis is – 'n reis waarin jy moet leer vrede maak met jouself.

So skryf sy op die flapteks van haar roman **Sabbatsreis** (1997):

> **"My sabbatsreis was** 'n **hel**nag in die hemel. Maar my dwingende behoefte **om in my eie spieël te kyk**, was nog nooit groter nie. Wat ek gesien het, het my laat terugdeins. En tog, gaandeweg, soos die mislaag op die spieël weggewasem het, het ek **agter my in die spieël 'n skare gesigte** gesien. **Soekers, soos ek ... Verlorenes. Blindes en heldersiendes. Vervloektes en geseëndes. Almal nes ek.** Sodat ek nie anders kon nie, as om midde-in die spieëlskare in te stap. Want dalk lê die essensie van die lewe iewers in dié menigte. **As ek nie daar gaan soek het nie, sou ek nooit weet nie.**
>
> Dit was 'n **ongelykpad** wat my meermale **té diep in myself laat verdwaal het**... Dat ek **die pad** geloop het, enduit, **het my verander**. Uiteindelik kon my eie stem in harmonie kom met die neuriekoor, het ek besef dat elke aardling op sy eie sabbatsreis is. **En kon ek uiteindelik tuiskom** in die Kanaänland van melk en heuning – **in myself**."

Beredeneer in 'n literêre opstel tot watter mate die hoofkarakter in *Die dag van die Lord* se pad ongelyk was, hoe dit hom verander het en of hy ná alles uiteindelik kon "tuiskom" – met ander woorde vrede in homself kon vind.

Sinvolle, samehangende ordening van jou paragrawe asook geïntegreerde teksverwysings is van uiterste belang.

Betrek die slotgebeure van die roman in jou gevolgtrekking.

**[35]**

**OMKRING ASSEBLIEF JOU VRAAGKEUSE: 2 / 3 / 4 / 5**

**Skryf jou respons op die vraag van jou keuse in hierdie afdeling hieronder neer.**

IEB Copyright © 2023

IEB Copyright © 2023

**35 punte**

## AFDELING C FILMSTUDIE

**Belangrike instruksies vir die filmvraag:**

- Hierdie vraag is verpligtend.
- Die vraag bestaan uit 'n stelling oor die film waarop jy in 'n **mini-essay** moet reageer.
- Jou mini-essay is betogend van aard.
- Hoewel dit nie bepunt sal word nie, is deeglike beplanning uiters belangrik.
- Jou inleiding moet duidelik aantoon watter eie keuse film ter sprake is en jy moet jou invalshoek aandui – m.a.w. duidelik saamstem of verskil met die stelling. Jy kan jou hoofpunte kortliks weergee.
- Orden jou ondersteunende paragrawe logies en ondersteun jou stellings deurgaans met verwysings na en/of voorbeelde uit die film.
- Jou gevolgtrekking moet terugverwys na jou invalshoek en 'n duidelike slotsom gee.
- 'n Gepaste **titel** dui gewoonlik reeds die fokus van jou opstel aan.
- Bring die woordtelling (ongeveer **450 woorde**) onder jou mini-essay aan.
- 'n Nasienmatriks sal vir die assessering van jou mini-essay gebruik word.

## VRAAG 6 FILM VAN EIE KEUSE

> Gewoonlik wanneer jy vroue in films sien, voel dit asof hulle hierdie metaalstrukture om hulle het; hulle word deur manlike energie ingehok.

[Björk, aktrise en sangeres. Aanhaling vertaal vanaf: <www.goodreads.com>]

**Betoog in 'n mini-essay of die vroulike karakters in jou gekose film gelyke speelreg teenoor die manlike karakters verkry of nie.**

In jou inleiding moet jy die film wat bespreek word, aandui asook 'n duidelike standpunt inneem. Gee ook jou hoofpunte/argumente waardeur jy jou standpunt dryf, kortliks weer.

Jy kan van die volgende aspekte in argumente ontwikkel om jou ondersteunende paragrawe te orden: hoofkarakters/newekarakters, protagonis/antagonis, karaktergroei, hoeveelheid mans teenoor vroue asook hoeveelheid speeltyd/verskynings in die film; die kwaliteit van die toneelspel, die tema van die film, stereotipering, uitwerking op die kyker, ensovoorts.

Dit is baie belangrik om jou argumente deeglik vanuit die film te motiveer. Gee karametername volledig deur en belig gepaste voorbeelde met verduidelikings wat skakel met jou standpunt.

In jou slot kan jy 'n voorstel aan die filmmakers maak wat gelyke speelkanse tussen geslagte (selfs nog) kan verbeter en jy moet ook tot 'n duidelike gevolgtrekking kom.

**[30]**

IEB Copyright © 2023

IEB Copyright © 2023

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2023

## BYKOMENDE SPASIE (ALLE VRAE)

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.**

IEB Copyright © 2023

IEB Copyright © 2023